# Hillcrest High School

Graad 8

## AFRIKAANS EAT V2

NOVEMBER 2024

**PUNTE:** 100

**TYD:** 2 uur

**EKSAMINATOR:** Mev. S Strydom

**MODERATOR:** Mev. R Jordaan

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings :

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | LANGER SKRYFWERK | (30) |
| AFDELING B: | KORTER SKRYFWERK | (20) |
| AFDELING C: | GEDIG | (15) |
| AFDELING D: | DRAMA | (15) |
| AFDELING E: | FILMSTUDIE | (20) |

3. Kies EEN vraag om te beantwoord in AFDELING A.

   Beantwoord AL die vrae in AFDELING B, C, D EN E.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar met ‘n swart of blou pen.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

**AFDELING A: LANGER SKRYFWERK**
Kies EEN van die volgende vrae. ÓF die Opstel ÓF die Vriendskaplike Brief.

VRAAG 1: OPSTEL

Skryf 'n kort opstel van <u>120 tot 150 woorde</u> oor jou besoek aan 'n wildtuin.
Jy moet 'n inleidingsparagraaf, liggaam en slotparagraaf hê. Doen beplanning voor jou finaal.

**(30)**




OF

VRAAG 2: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy moet 'n brief van <u>120 tot 150 woorde</u> aan jou ouma oor jou nuwe hoërskool skryf. Het jy die regte keuse van hoërskool gemaak? Vertel van jou nuwe vriende, onderwysers, senior leerlinge en die sport en/of kulturele aktiwiteite waaraan julle moet deelneem. Gee spesiale aandag aan jou formaat. Doen beplanning voor jou finaal.

**(30)**





**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: KORTER SKRYFWERK**
Beantwoord die vraag in hierdie afdeling.

VRAAG 3: WHATSAPP

Jy is Nelda, en jy is senuweeagtig om môre vir Marnus te ontmoet. Stuur vir Esmarie 'n Whatsapp van <u>80-100 woorde</u>, waar jy vir haar vertel hoe jy voel, en haar vra om saam met jou na die ontmoeting te gaan. Doen beplanning voor jou finaal.

**(20)**



**TOTAAL AFDELING B: 20**

**AFDELING C: GEDIG**

VRAAG 4: VOLLEMAANDAG
Lees die gedig en beantwoord die vrae wat volg.

**Vollemaandag –** Jaco Jacobs

is dit dalk vollemaandag?
spits jou ore, gee dan aandag
op vollemaandag moet jy
liewer uit die skool uit bly
net één periode by meneer Vos
kan jou dalk 'n vinger kos -
of 'n toon of dalk 'n oorlel
as jy net één woord verkeerd spel
hy brom en grom oor wetenskap
hy knor oor somme – hy gaan hap!
moenie na sy tande kyk nie
of sy honde-asem ruik nie
pouses voel sommer baie kort
wanneer jou meneer 'n weerwolf word

4.1 Die spreker dink jy moet skool toe gaan.

Haal 'n VERSREËL aan wat wys dat hierdie stelling ONWAAR is. (1)

4.2.1 Wat is die meneer se naam? (1)

4.2.2 Kies die REGTE antwoord tussen hakies. Skryf NET die vraagnommer en woord neer.

Die onderwyser se naam is (sarkasties / ironies). (1)

4.2.3 Verduidelik jou antwoord in 4.2.2. (1)

4.3 Watter dinge sal die meneer in die klas afbyt? Noem TWEE. (2)

4.4 Noem TWEE vakke wat die meneer gee. (2)

4.5 Waarna moet jy nie in die klas kyk nie? (1)

4.6 Pas die term in KOLOM B by die aanhaling in KOLOM A. Skryf net die nommer en letter.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.6.1 "is dit dalk vollemaandag?<br>spits jou ore, gee dan aandag" | A kruisrym<br>B paarrym |
| 4.6.2 "hy brom en grom oor wetenskap" | C binnerym |
| 4.6.3 "wanneer jou meneer 'n weerwolf word | D assonansie |

(3x1) (3)

4.7 Sou jy in hierdie meneer se klas wil wees? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

4.8 Wat, dink jy, sou jou ma doen as jy so 'n onderwyser gehad het? (1)

4.9 Dink jy hierdie onderwyser is régtig ‘n weerwolf? Sê JA of NEE en gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)

**(15)**

**TOTAAL AFDELING C: 15**

**AFDELING D: DRAMA**

VRAAG 5: DIE PLAASDIERE SE VAKANSIE

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

*Maans verlaat die verhoog blêrend na links.*

**SIEGBERT:** Reg. Kom ons kry die wiel aan die rol!

*Almal knik en Vlek loop regs af. Oomblikke later blaf hy hard. Die musiek stop. Slegs die boer se stem word gehoor.*

**BOER:** Wat de joos?! Vrou, bring die flits.

**SERVAAS:** (*na ‘n oomblik*) Hulle is weg. Nou! Gou!

*Gertrui hardloop na regs af, met Katriena agterna.*

**SIEGBERT:** (*opgewonde*) Boeta, as hierdie plan werk, lewe ons een van die dae soos konings.

**SERVAAS:** Ja-nee. Niks meer skille vir ons nie.

5.1 Kies die woorde uit die blokkie om die paragraaf korrek te voltooi. Skryf NET die nommer en regte woorde neer.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| pyp | stad | see | bus | sleutels | lorrie |

Die plaasdiere wil 5.1.1 … toe gaan. Hulle gaan die boer se 5.1.2 … gebruik om daar te kom, maar eers moet Gertrui die 5.1.3 … steel. (3)

5.2.1 Watter tipe voëls het Maans op die plaas geïrriteer? (1)

5.2.2 Watter tipe voëls het Maans by die strand geïrriteer? (1)

5.3 Hoe het Vlek die boer se aandag afgetrek? (1)

5.4 Ons weet nie hoe die boer lyk nie.

Haal ‘n SIN uit die uittreksel aan wat wys dat hierdie stelling WAAR is. (1)

5.5 “*Gertrui hardloop na regs af, met Katriena agterna.*”

Wat het Katriena gaan doen? (1)

5.6 Watter tipe dier is Servaas en Siegbert? (1)

5.7 Servaas en Siegbert sien uit daarna om nie skille te eet nie.

Wat eet hulle wanneer hulle op die strand is? (1)

5.8 Kies die KORREKTE woord tussen hakies om die sin te voltooi. Skryf NET die nommer en WOORD neer.

Servaas wil die boer se (hoed / jas) dra. (1)

5.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf NET die nommer en LETTER neer.

Die skuinsgedrukte woorde wat aksies beskryf word … genoem.

A toneelaanwysings
B die titel
C ruimte
D die tema (1)

5.10 Dink jy hierdie drama is realisties? Sê JA of NEE en gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

5.11 Wat sou jy dink as jy al hierdie plaasdiere op die strand sien? (1)
**(15)**

**TOTAAL AFDELING D: 15**

**AFDELING E: FILMSTUDIE**

VRAAG 6: AGENT2000

6.1 Wat is Walter se skool se naam? (1)

6.2 Wat word die nuwe graad 8's genoem? (1)

6.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf NET die vraagnommer en LETTER neer.

Watter een van hierdie kinders is NIE in Walter se klas NIE?

A Balie
B Renardo
C Annabel
D Piet (1)

6.4 Pas die beskrywing in KOLOM B by die onderwyser in KOLOM A. Skryf NET die vraagnommer en LETTER neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.4.1 Meneer von Brakel | A Skoolhoof |
| 6.4.2 Mejuffrou Kieswetter | B Voog onderwyseres |
| 6.4.3 Juffrou Schutte | C Wiskunde onderwyseres |
| | D Afrikaans onderwyser |

(3x1) (3)

6.5 Rangskik die volgende gebeure in die REGTE VOLGORDE. Skryf die sinne oor.

- Slagoffer is aan die skoolhek vasgemaak.
- Slagoffer is van die rugbypale gehang.
- Slagoffer is in die badkamer vasgebind. (3)

6.6 Wat het die Laksman in Walter se tas gesit? (1)

6.7.1 Wie is Spikey? (1)

6.7.2 Noem EEN manier hoe Spikey vir Walter op sy misies gehelp het. (1)

6.8.1 Walter het alleen by die Laksman se huis ingebreek.

Gee ‘n rede waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.8.2 Hoe was Walter hiervoor gestraf? (1)

6.9.1 Wie was die Laksman? Gee sy NAAM. (1)


6.9.2 Hoekom wou niemand glo dat hy (6.9.1) die Laksman was nie? Noem TWEE redes. (2)

6.9.3 Verduidelik hoekom hy die Laksman geword het. (1)

6.9.4 Dink jy hy het ‘n goeie rede gehad om die Laksman te word? Sê JA of NEE en gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)

6.10 Dink jy die fliek is realisties? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)
**(20)**

**TOTAAL AFDELING E: 20**
**GROOT TOTAAL: 100**



www.disneyclips.com